JEREMIA 15:10-11, 15-18 NGK MIEDERPARK 13/9/09

TEMA: WAT NOU MET DIE LEWE? Ds Okkie Cilliers

Ek betrap myself dat ek die vraag vra: hoekom is ek hier en waarheen is ek op pad? Dit is ook 'n vraag wat ek as predikant al baie gevra is en feitlik deur die bank is die vraag nie gevra uit oorvloed nie maar eksistensieël. Mense worstel met hierdie dinge want dit raak die lewe.

- Hoekom gebeur dinge wat nie moes gebeur het nie?
- Hoekom gebeur dinge nie wat moes gebeur het?

Dit is vrae wat krap en vrae wat aandring op antwoorde wat baie moeilik gegee kan word.

Daar gebeur dinge wat 'n reaksie op loop sit en die gevolge daarvan is nie altyd goed nie. Mense kan die grootste ontnugteringe in hulself, in ander mense en in God beleef - en dit kan dreig om alles uitmekaar te ruk. Ek onthou die verhaal wat ek gelees het van die man en sy seuns wat elke aand na ete huisgodsdiens gehou het en dan vurig gebid het vir sy dogter wat ernstig siek is. Einde ten laaste is sy dood en die betrokke aand na ete het een van die seuns weer die Bybel gebring vir huisgodsdiens. Die ou man het die boek kru weg gestoot en opgemerk dat dit tog nie help nie. Die Here (as Hy wel daar is) maak in elk geval soos wat Hy wil.

Beterweterig kan ons reageer en sê dat 'n mens nie so met die Here mag werk nie want Hy is God en is in beheer. Dit mag wel so wees, maar om in sulke omstandighede met 'n seer mens te redeneer verduidelik van God en sy krag nie veel nie en dit maak die ontnugtering net groter.

(Met ander mense kan dit weer wonderlik goed gaan. Maar ook hulle stop somtyds en vra waarheen is die lewe met hulle op pad? Kan alles net goed gaan? Beterweterig wil ons hulle ook vermaan dat hulle maar gerus die oog op die Here gevestig moet hou want alles kan nie altyd net goed wil gaan nie.) Eintlik weet ons nie wat om te doen nie. Ons probeer die lewe maar so een dag op 'n slag neem.

Dit lyk ook asof hier baie meer aan die gang is as wat ons vermoed. Ek het al gesien dat die slegste dinge onder die son met mense kan gebeur en dan ontwikkel die mooiste dinge daaruit. Ek het ook al gesien dat mense die wonderlikste ervarings kan beleef en dit het op verskriklike tragedies uitgeloop. As dinge net was soos wat dit op die oog af gelyk het, sou die lewe eintlik baie makliker gewees het want dan is dit voorspelbaar. Maar dinge is nie net soos dit lyk nie en dit maak van die lewe 'n risiko. Ek dink aan die Nederlandse spreekwoord wat sê: "Van die konsert van die lewe kry niemand 'n program nie." Daar moet musiek gemaak word in die lewe maar jy weet nie presies watter stukke om te kies, waar om in te val en wanneer om die note te speel nie. Dit is min of meer hoe die lewe lyk: ons maak voorspellings oor hoe dit gaan verloop en werk dan daarop. Maar soms maak ons 'n fout met ons voorspellings en die werklikheid lyk baie anders as wat ons beplan het. As dinge

beter uitwerk as wat ons beplan het, kla ons nie. As dit egter slegter uitval, is dit vir ons sleg en ons verstaan nie.

Wat dit so moeilik maak, is dat dit lyk asof dinge per toeval gebeur. 'n Paar voorbeelde: mense het hulle voorberei op 'n beroep - die een gaan van krag tot krag en die ander een beleef die een mislukking na die ander in dieselfde beroep. Mense het lugkastele gebou oor hul mooi kinders - sommige kry eindelose plesier uit hul kinders terwyl ander die een teleurstelling na die ander beleef. Mense hou hulle liggame gesond en probeer reg leef - die een tel kanker op en gaan vroeg dood en die ander gaan voort asof hy 100 gaan word…

Hoekom werk dinge somtyds uit en ander kere glad nie? Hoekom gebeur dinge wat nie moet gebeur nie en hoekom gebeur dinge nie wat wel moet gebeur?

Jeremia worstel ook met hierdie dinge: die Here het hom geroep as profeet en wonderlike beloftes gemaak (Jer 1, ook vers 11). Nou kla hy dat van daardie beloftes dadels van gekom het. In vers 16 praat hy van die vreugde wat hy gehad het toe die Here hom woorde in die mond gelê het - in vers 17 verwoord hy die bitter pyn dat hy alleen moet sit en niemand luister na hom nie. Inteendeel; hy is voëlvry verklaar, sy eie familie wou hom laat vermoor omdat hy 'n verleentheid vir hulle is; meer as een keer is hy gevang en tot in die grond verneder… hy gaan selfs so ver om sy geboortedag te vervloek! "Here, ek verstaan nie!" (vers 18).

Ja, in kinders van die Here se lewens speel groot lewensdramas hulself af en dit is duidelik dat hier groter dinge aan die gebeur as net dit wat ons met die blote oog kan sien. Hier is twee magte (goed en kwaad) wat werk en dit lyk alteveel asof ons die speelbal geword het van hierdie magte. Die wêreld soek ook saam met die Christene antwoorde. Chris de Burgh sing in sy liedjie *Spanish Train* hieroor. Hy praat van die duiwel en Jesus wat op 'n trein na Seville kaart speel en mense se lewens is die prys waaroor hulle speel. Die Here probeer desperaat iets vir die lewe doen: wen die Here, gaan dit goed; wen die duiwel is die hel los. Die Here probeer eerlik speel maar die Satan is oneerlik "But as he speak from beneath his cloak he slipped another ace..." So gaan dit voort - die een spel teen die ander en al wat die mens kan doen is om te hoop en uit te roep: ""Look out Lord, he's gonna win." Op die einde kan net gesê word dat Satan verneuk en kul en God "... well, He try his best."

- Hier is twee magte aan die werk en mense kry seer: die Een gee krag en die ander een stroop die krag tot op die been af; die Een gee lewe en die ander een wil die lewe wegneem; die Een werk met liefde en vrede en die ander een met haat en bitterheid...

Hierdie dinge veroorsaak krisisse in ons geloofslewe, want ons wil met die Here se leiding, krag en voorsienigheid leef. Maar helaas is dit 'n gesukkel om kop bo water te hou en dit lyk asof ons maar aan ons eie lot oorgegee is. Somtyds lyk dit asof die Here tog iewers van ons onthou het maar ander kere moet ons ons eie potjie krap. Die digter TS Elliot se woorde spook: "God is an ever absent help in time of trouble." Dit is dan ook nie vreemd dat Jeremia sê dat die Here vir hom net soveel beteken as 'n stroompie water wat in die woestyn opgedroog het (vers 18) - hy is in die steek gelaat.

As ek as predikant hiermee gekonfronteer word doen ek die voor-die-hand-liggende ding: ek praat oor die Here se voorsienigheid en sorg. Dikwels het ek al vir myself gevra of ek weet waaroor ek praat en of ek nie verkeerd daaroor praat nie. Want dit is opvallend hoe ons dinge wat ons nie kan verstaan/verklaar namens God wil uitredeneer. Ons kan beswaarlik oor die lewe praat, wat nog te sê oor God! Ons praat met 'n verskriklike gemaklikheid oor God en sy onverklaarbare betrokkenheid by die lewe, so asof ons namens Hom kan praat. (Onlangs moes ek aanhoor hoe iemand aan 'n ander voorspel hoe die Here in sy lewe gaan werk - hy gaan gesond word en die grootste vrede en geluk denkbaar lê vir hulle as familie net voor die deur. Die voorspellery het nie waar geword nie en die anderdag toe ons saambid het hy dit uitgekreun dat die Here van hom vergeet het want hy word net sieker en van die vrede het dadels van gekom. Die absolute teendeel het gebeur.) Ons moet versigtig wees met antwoorde.

Wat maak 'n mens met die lewe en spesifiek met die toekoms van die lewe? As dit net vanuit die bloot menslike kant bekyk word lyk dit asof ons niks anders is as 'n hulpelose speelbal tussen die bonatuurlike magte nie. Dit lyk my dat dit ook die fout is wat Jeremia gemaak het: hy het die dinge net van sy kant af bekyk. Maar dinge is nie so eenvoudig nie. Want die lewe kan nie net vanuit 'n menslike kant bekyk word nie. Daar is ook 'n ander dimensie, die van die Goddelike. En juis dit maak dit so verskriklik moeilik om hieroor te praat want ons is niks anders as net mense nie - vasgevang in ons beperkte menslike bestaan en ons kan niks van/namens God sê nie. Al wat ons het om mee te leef en te probeer verstaan, *is die beloftes wat die Here vir ons in die Bybel gegee het*. Vanuit hierdie Goddelike hoek waarvan ons ook bloedweinig verstaan, moet ons met al die magte en ander dinge wat aan die werk is, probeer om 'n lewe te leef wat tot eer van God is.

- Uiteraard kan daar dan baie dinge gesê word oor teleurstellings, eensaamheid, bekommernis, lyding, dood, nuttelоosheid, ouderdom, twyfel... Maar vanuit 'n bepaalde perspektief wil ek probeer om 'n paar dinge te sê oor die subtiele maniere wat die een mag, die duiwel gebruik om ons te laat vashaak oor die lewe sodat ons nie toekoms toe kan beweeg nie. Die opmerkinge word nie gedoen om eer aan Satan te gee nie, maar om te wys hoeveel krag daar wel in God se beloftes is. Dit is 'n poging om te probeer verstaan.

Hy het 'n bepaalde strategie:

1. Hy maak jou seer. Hy verwond jou.

Vanuit die Skrif weet ons dat die Satan nie met 'n kind van die Here kan werk nie want ons is immers onder die bloed van Christus beskerm (o.a. Kol 2:15). Maar hy gebruik dinge om jou seer te maak. Somtyds is jy self die oorsaak daarvan as jy die skild van verlossing in Jesus se bloed oopmaak en vir die duiwel kans gee om in te kom - dit kan verskriklike ellendes veroorsaak (Gal 6:7). *Sonde bring pyn*. Ander kere (soos in Jeremia se geval) gebruik hy mense om dit te doen: vriende steek jou in die rug, mense luister nie na jou nie, familie loop op jou uit… Daar kan dinge in die lewe gebeur wat die duidwel gebruik om jou baie seer te maak - dinge soos siekte en besigheidstransaksies wat skeef loop… Die voorbeelde is baie. Jeremia kreun dit uit: "Here, ek het soveel pyn in my dat dit nie meer die moeite werd is om aan te gaan nie…"

- Hy maak jou seer. Hy kwes jou. Hy moker jou op 'n sagte plek wat aan die voeë van jou lewe ruk. Dit ruk jou so dat dit baie moeilik word om toekoms se kant toe te kyk.

2. Hy isoleer jou.

As 'n mens seer kry, is die eerste reaksie om te ontrek. Dit is ook goed om te ontrek want dit is 'n bepaalde verdedigingsmeganisme wat inskop om afstand te skep en jou weer perspektief te laat kry. Om in isolasie te leef is egter ook lewensgevaarlik want jy hoor net jouself. As jy alleen is, kan die stemme van skuldgevoelens, bitterheid, haat en woede oorverdowend begin skree… so hard dat jy later niks anders as net dit hoor nie. Later wil jy niks anders as dit hoor nie en nog later is dit al wat jy glo. Kyk hoe gryp die isolasie Jeremia vas in vers 17. Die pad van isolasie is 'n aaklige proses: daar word ontrek uit 'n bepaalde vriendekring; 'n geloofsgemeenskap; dinge wat normaalweg gedoen is, word nie meer gedoen nie...

As jy net na jou eie stem luister en al wat jy hoor is die geluide binne in jou, gaan jy ook jou geboortedag begin vervloek en niks gaan vir jou later meer sin maak nie - jou isolasie gaan al hoe groter word.. (Iemand vertel dat hy onrustig oor 'n vrou was en sy was die hele tyd in sy gedagtes. Toe hy besluit om haar te bel en te vra hoe dit gaan was die antwoord: "Ek is op die punt om myself dood te maak. As jy/iemand my nie gebel het nie, was ek nie meer daar nie. Ek hoor net my eie seer wat skree. Help my asseblief.") Isolasie ruk jou so dat dit baie moeilik word om toekoms se kant toe te kyk.

As dit al is wat oor die lewe gesê kan word, is daar vir ons niks anders as vernedering, ellendes en bitterheid oor in die tyd wat voorlê nie. Ja, die duiwel is wel los in die lewe en hy maak seer en hy isoleer. Maar dit is tog nie al wat daar gebeur nie. Daar is immers 'n ander mag ook aan die werk, die een van God en Hy werk totaal anders as die bose. Hy isoleer nie en Hy maak nie seer nie. Hy bring genesing en Hy herstel dit wat gebreek het . (Kyk na die harde maar wonderlike manier waarop Jeremia geantwoord word in verse 19-21).

Oor die Here wat die lewe herstel, kan uiteraard baie gesê word. 'n Paar opmerkinge is genoeg:

1. Dit wat seer maak en pyn veroorsaak en geïsoleer het, het Hy op Hom geneem. Jes 53:3-5 is duidelik hieroor. Elke ding wat jy gedoen het wat pyn veroorsaak het en gekwes het, kan nie ongedaan gemaak word nie. Behalwe deur die rekening daarvan vir die Here te gee en Hom toe te laat om dit te betaal (Kol 2:13-14). Die vergifnis is volmaak. Dit gee hoop vir môre.

   Geen kind van die lewende God mag verwond deur die lewe gaan nie: buig by die kruis en laat die sak skuld daar. ('n Vrou het by geleentheid bitterlik gehuil. Sy het twee aborsies gehad en later jare het sy baarmoederkanker gekry. Sy het die afleiding gemaak dat die sondes haar ingehaal het en dat die Here haar as straf die kanker gegee het. Toe die implikasies van Jesus se verlossing uit pyn haar egter tref, kon sy huilend van vreugde verklaar: "God straf my nie meer net die kanker nie - Jesus het my straf op Hom geneem. Ek hoef nie

hopeloos te sterf weens my sonde nie, want Hy het in my plek vir my sonde gesterf.") Dit gee krag vir môre.

2. Hy gee krag om die isolasie te verbreek. Want by Hom is geen stemme van bitterheid, haat, verwyte en dies meer te hoor nie. Inteendeel; Hy sal 'n riet wat geknak is nie verder breek nie en 'n lamppit wat rook nie uitdoof nie (Mat 12:20).

   Geen kind van die Here mag in isolaie leef nie: gaan buig by die kruis en vat die krag wat Hy jou gee deur sy Gees en kom terug in sirkulasie. As jy dit nie alleen kan doen nie, gaan soek hulp en vra iemand om jou te help. Dit gee hoop vir die dag van môre.

3. Die duiwel staan nie as 'n gelyke vennoot teenoor God as twee magte wat baklei oor die lewe van die mens nie. Jesus se dood en opstanding het hom alle mag ontneem (1 Joh 3:8 en Mat 28:18). Moenie die leuens van Satan wil glo dat hy die laaste sê oor jou lewe het nie. Dit gee krag om in die lewe op te staan en elke uitdaging in die oë te kyk – om dit wat hoop-loos lyk nuwe lewe met Jesus in te blaas en dit wat hoop het te gryp en die toekoms daarmee in te hardloop.

Dawn Stobbe vertel dat sy gediagnoseer is met ovariale kanker. Sy het besef dat sy gaan sterf en haar man en 2 tienerdogters wees gaan agterlaat. Na die operasie waar haar follopiese buise en eierstokke verwyder is, het die dokter gesê dat sy steeds net ‘n 15% kans het om te oorleef en dat sy vir chemo moes gaan. Byna mal van vrees het sy met God begin onderhandel: “as U my gesond maak sal ek ‘n beter vrou wees, ‘n beter ma, ‘n beter mens. Gee my net ‘n 2de kans.” Sy het 6 behnadelings gehad en soms het sy gedink sy gaan dit nie maak nie. Na die laaste behandeling het sy voor die waarheid gestaan: die dokters sou 100 biopsies neem, een op elke plek waarheen die kanker kon versprei. Die dokters het nie veel hoop gehad nie. Voor sy hospitaal toe is, kom sy in die laai op ‘n klippe af wat ‘n vriendin haar gegee het. Op die klippie staan geskryf: “Verwag ‘n wonderwerk.” Sy het die klippe in haar handsak gesit en dié was die volgende dag nog daar toe sy haar oë oopmaak om te sien hoe ‘n mooi vrou met donker hare oor die bed leun. Sy het gedink dat dit ‘n verpleegster moes wees. Die vrou het haar vriendelik aangekyk en gevra: “*Is jy die een wat op soek is na ‘n wonderwerk?*” Verward het sy ja gesê en gewonder hoe sy dit kon weet? Voor sy nog ‘n vraag kon vra, was die vrou weg. Die volgende dag was die vrou weer langs haar bed. In haar hand was ‘n kaartjie met die woorde: *Wonderwerke gebeur elke dag*. “Is dit waarna jy soek? “ het sy saggies gevra. Dawn se oë het vol trane geskiet maar voor sy iets kon sê was sy net weer weg. Terwyl sy na die kaartjie gestaar het, het sy ‘n snaakse gevoel ervaar. Die biopsies se uitslae het later gekom en almal was negatief. Of die vrou ‘n verpleegster of ‘n engel was, weet sy nie en dit maak ook nie saak nie. Sy het kom sê dat hoop nooit laf is nie en dat gebede nooit vermors word nie.

'n Laaste gedagte: onthou dat jy namens Jesus hoop en genesing in hierdie onderstebo lewe moet bring. Moenie ander mernse seermaak en hulle kwes nie en so hulle vlam van hoop blus en die toekoms uitsigloos maak nie. Moenie jy die oorsaak wees dat mense hulle wil isoleer nie omdat hulle bang is vir jou nie. Nee, laat die Here se genesing deur jou 'n lied in die lewe vir ander word. Gaan tel mense op wat seer gekry het en gaan haal mense wat geïsoleer is omdat hulle seer gekry het. (Wie lê die Here nou op jou hart?)

Mag die Here jou kragtig in die lewe gebruik. Mag die hoop in God nooit laf wees nie!

Amen.